

Graad 3 Leiersgids

Ek is deel van God
se groot verhaal

Johannes Mouton

KENNIS-KATEGESE

BM
Bybel-Media



jeugfokus

Inhoudsopgawe

Vir die leier	4
Tema 1 – Die Here en jy	
1. Die Here het jou goed gemaak	7
2. Oppas!	12
Tema 2 – Jy en ander mense	
3. Vergewe ander mense	14
4. Help ander mense	17
Tema 3 – Paasfees	
5. Onskuldig veroordeel	19
6. Ons glo, al sien ons nie	21
Tema 4 – Hemelvaart	
7. Vertel vir almal van Jesus	23
Tema 5 – Pinkster	
8. Die wonder van Pinkster	25
Tema 6 – Kinders van God	
9. Riglyne vir jou lewe	27
10. Die Here gee jou krag	30
11. Vertrou op die Here	32
12. Die Here hoor jou hart	35
13. Ons bou saam	37
14. Wat het Jesus gedoen?	39
15. Dien soos Jesus	41
16. 'n BoodsAPPER vir Jesus	43
17. Wees gereed	45
Tema 7 – Kersfees	
18. God maak die pad gereed	47
19. Loof die Here, want Jesus is gebore	49

Vir die leier

Agtergrond

Baie dankie dat jy bereid is om op hierdie manier by die gemeente betrokke te wees. Ons vertrou dit sal vir jou 'n positiewe en opbouwende ervaring wees.

Die Bybel is die wonderlikste boek op aarde. Dit is God se Woord aan mense. Ons leer daarin hoe God is en hoe ons as gelowiges ons lewe moet inrig. Daarom is dit nodig om van jongs af reeds daaraan blootgestel te word. Hierdie uitgangspunt bepaal die inhoud van dié kategese-leiersgids. Dit wil die kinders begelei om 'n ontmoeting met God te hê, meer van die Bybel te leer en te dink oor hoe om dit uit te leef. Om dit te bereik word die volgende struktuur gebruik:

Omgee

Kategese vind plaas binne die konteks van die geloofs- en liefdesgemeenskap. Gelowiges is saam op die geloofsreis. Hulle gee om vir mekaar, help mekaar, ondersteun mekaar, hou mekaar verantwoordbaar, bid vir mekaar en bou mekaar op.

Insig

In die kategese staan die Bybel sentraal in elke ontmoeting. Aangesien die Here deur sy Woord en Gees na mense toe kom, is dit nodig dat die kinders die inhoud van die Bybel en ons geloof sal leer ken. Hierdie komponent van die ontmoeting is dus gemik op kennis, leer en verstaan.

Nadenke

Elke ontmoeting vind deur middel van gesprek plaas. Die Here praat met ons deur sy Gees, maar ons praat ook met mekaar. Op hierdie manier leer ons by God en mekaar om die Bybel te oordink en die implikasies daarvan vir ons lewe te ontdek.

Uitleef

Ons kan egter nie net die Woord hoor, kennis daarvoor versamel en dit oordink nie – ons moet dit ook leef. Tydens die kategese-ontmoetings word die kinders daarom begelei om uit dankbaarheid te leef.

Uiteensetting

Die volgende uiteensetting se doel is om die kinders van die gemeente op te bou om werklik mense van God, dissipels en liggaam van Christus te wees. Dit beoog om die kinders van die Here te lei tot geestelike volwassenheid, betrokkenheid by die gemeente en die wêreld, persoonlike verantwoordelikheid en selfstandigheid en 'n lewende verhouding met die Here God.

Die leiersgids bestaan uit 19 ontmoetings wat soos volg ingedeel word:

Tema 1 - Die Here en jy

1. Die Here het jou goed gemaak (leer ken mekaar en handel alle administratiewe take af)
2. Oppas!

Tema 2 - Jy en ander mense

3. Vergewe ander mense
4. Help ander mense help

Tema 3 - Paasfees

5. Onskuldig veroordeel (Lydenstyd)
6. Ons glo, al sien ons nie (Opstanding)

Tema 4 - Hemelvaart

7. Vertel vir almal van Jesus

Tema 5 - Pinkster

8. Die wonder van Pinkster

Tema 6 - Kinders van God

9. Riglyne vir jou lewe
10. Die Here gee jou krag
11. Vertrou op die Here
12. Die Here hoor jou hart
13. Ons bou saam
14. Wat het Jesus gedoen?
15. Dien soos Jesus
16. 'n BoodsAPPER vir Jesus
17. Wees gereed

Tema 7 - Kersfees

18. God maak die pad gereed
19. Loof die Here, want Jesus is gebore

Hoe om hierdie boek te gebruik

Elke ontmoeting begin met die afdeling "Agtergrond" wat vir jou inligting oor die tema van die week gee. As daar iets is waarvan jy moet kennis neem of wat jy moet saambring, sal jy dit onder "Sake om in ag te neem" en "Benodighede" vind.

Daarna volg 'n riglyn vir die aanbieding van die ontmoeting wat bestaan uit vrae, opdragte, onderriggedeeltes en aktiwiteite wat by die betrokke tema aansluit. Dit is uiteengesit volgens die struktuur wat hierbo uitgespel is, naamlik *Omgee*, *Insig*, *Nadenke* en *Uitleef*. Elke ontmoeting sluit af met gebedstyd.

By elke week se ontmoeting is daar 'n aktiwiteit wat die kinders tydens die byeenkoms of by die huis kan doen. Dit sluit aan by die week se tema. Daar is ook elke week 'n prent wat hulle kan inkleur.

In die aanbiedings is daar deurgaans vrae wat jy aan die groep gaan stel. Gee die kinders telkens kans om te antwoord voordat jy die antwoord gee. Begelei hulle as hulle onseker is.

Daar is waarskynlik meer Sondae vir kategese met verloop van die jaar as wat daar ontmoetings in hierdie boek is. Die gedagte is dat julle sekere Sondae kan gebruik om in plaas van die normale ontmoeting eerder die groeiprojekte saam te doen.

Ervaring het geleer dat kinders nie altyd hulle Bybels saambring nie. Oorweeg dit daarom om elke week die teksgedeelte vir hulle te fotostateer.

En onthou, goeie voorbereiding en gebed verseker 'n genotvolle ontmoeting. Geniet dit!

'n Seënwens

Ons hoop hierdie leiersgids sal vir jou en jou groep tot groot seën wees. Ons glo dat jy vreugde uit jou dienswerk sal put en dat jy deur die jaar heen sal kan sien hoe die Here jou in sy koninkryk gebruik.



Ontmoeting 1

Die Here het jou goed gemaak

Agtergrond

Doel

Die kinders verstaan dat alles by God begin het en dat Hy ons elkeen goed en mooi geskep het.

Bybelgedeeltes

Genesis 1:27-28

Psalm 8

Sake om in ag te neem

Skryf jou naam, adres en telefoonnommer voor die tyd in die kinders se *Doenboeke*.

Benodighede

- Naamplakker vir elke kind.
- *Doenboek* vir elke kind.
- Inligtingsvorm en brief vir elke kind se ouers.
- Kleurkryte indien julle die aktiwiteit tydens die ontmoeting gaan doen.

Aanbieding

Omgee

Verwelkom die kinders in die groep. Stel jouself aan hulle bekend en vertel kortliks iets van jouself (soos waar jy vandaan kom, iets oor jou gesin, wat jy doen, wat jou belangstellings is, hoekom jy 'n kategeet is).

Spreek die wens uit dat hierdie jaar se ontmoetings vir hulle elkeen baie sal beteken.

Doen dan 'n gebed waarin jy vir die Here dankie sê dat Hy julle by mekaar uitgebring het.

Vra of daar enige verjaarsdae is en sing vir almal wat verjaar.

Ysbreker

Hierdie oefening kan julle in die grootgroep doen. Die kinders kry kans om voor die hele groep hulle name te noem, maar hulle moet voor hulle name 'n byvoeglike naamwoord gee wat met dieselfde letter as hulle name begin. Hulle kan byvoorbeeld sê hulle is Jolige Johannes of Fantastiese Fanie. As daar kinders is wat sukkel, kan die res van die groep hulle help. Jy kan die kinders ook uitdaag om te kyk of hulle almal se name en die byvoeglike naamwoorde kan onthou.

Insig

In die begin het God alles op die aarde gemaak. Hy het die land, die water, die son, die maan, die sterre en al die plante en die diere gemaak. Daarna het God 'n baie spesiale wese gemaak. Iemand wat vir God kon help om vir die aarde te sorg. Hierdie wese is "die mens" genoem.

Ons lees dat God die mens as sy "verteenwoordiger" en "na sy beeld" gemaak het. *Verduidelik vir die kinders dat 'n verteenwoordiger iemand is wat iets namens iemand anders doen. Lees Genesis 1:27.*

- Wat dink julle beteken dit dat ons God se verteenwoordigers is?
- En wat beteken dit dat ons na sy beeld gemaak is?

Gee die kinders kans om hieroor te gesels.

Onthou, 'n verteenwoordiger tree namens iemand anders op. Ons tree namens God op in die wêreld. As ons vriendelik of geduldig is, weet mense dit is hoe God is. Om na God se beeld geskep te wees, beteken ons is baie spesiaal vir God. Dit beteken ons is soos Hy. Hy is liefde en daarom moet ons ander mense liefhê. God het ons in liefde geskep sodat ons ander mense kan liefhê.

God het ook vir ons as mense 'n opdrag gegee. *Lees Genesis 1:28.* God sê ons moet die aarde bewerk en omsien na die visse, die voëls, die diere, die plante en na mekaar. Ons moet alles oppas en versorg. Die eerste mense het God gehelp om vir die aarde te sorg. Almal het in vrede met mekaar saamgeleef – met God, met mekaar en met die hele skepping. God was baie bly daarvoor, want alles was soos Hy dit wou gehad het.

Kom ons lees nou eers hoe wonderlik God en sy skepping is. *Lees Psalm 8.*

Wat hoor julle in Psalm 8? *Gee die kinders kans om te antwoord.* Psalm 8 loof God en sê vir ons hoe wonderlik Hy is. Dit herinner ons ook hoe wonderlik God se skepping is. Alles wat God geskep het, is mooi en goed. Die psalm vertel ook vir ons dat mense 'n baie spesiale plek in God se skepping het. God het ons mooi en goed gemaak. Daarvoor moet ons vir Hom dankie sê. Ons soek dikwels fout met alles en fokus net op die slegte dinge, maar hierdie psalm help ons onthou dat ons die mooi dinge in die wêreld en in mekaar moet raaksien.

Uitleef

Gaan kyk hierdie week na die mooi eienskappe in ander mense. Sê byvoorbeeld vir 'n maatjie dankie dat hy of sy so vriendelik is. Sê vir jou ouers dankie vir alles wat hulle vir jou doen. Dink ook aan jouself. God het jou goed en mooi geskep. Daarom het jy goeie eienskappe. Gesels met jou ouers hieroor en skryf jou mooi eienskappe by die kroon in jou *Doenboek* neer.

Administratiewe inligting

- Fotostateer die inligtingsvorm op bladsy 10 en laat elke kind se ouers dit ná die ontmoeting invul.
- Gee jou selfoonnommer vir die kinders.
- Fotostateer die brief aan die ouers op bladsy 11 en maak seker die kinders gee dit vir hulle ouers.
- Jy kan dit ook oorweeg om bogenoemde per e-pos aan die ouers te stuur, want kinders is geneig om briewe te verloor.
- Deel die kinders se *Doenboeke* uit en help hulle om hulle name daarin te skryf. Verduidelik vir die kinders dat die *Doenboek* hulle gaan help om meer van God en die Bybel te leer. In die *Doenboek* is daar aktiwiteite wat hulle elke week kan doen. Hulle kan dit op hulle eie of saam met hulle huismense doen. Dit is belangrik dat hulle die *Doenboeke* na die ontmoetings sal saambring.

Verwagtings

Deel nou met die groep wat jy van hulle verwag soos:

- dat hulle die ontmoetings getrou sal bywoon.
- dat hulle die aktiwiteite in die *Doenboek* getrou sal doen.
- dat hulle of hulle ouers by jou verskoning sal maak as hulle nie by die ontmoetings kan wees nie (hulle kan 'n teksboodskap stuur).
- enige ander sake wat jy graag wil byvoeg.

Afsluiting

Sluit af met hierdie gebed: “Here, baie dankie vir elke kind wat in hierdie groep is. Baie dankie dat U ons elkeen goed en mooi geskep het. Dankie vir al ons mooi eienskappe. Baie dankie dat ons kan uitsien na al die lekker dinge wat ons vanjaar saam gaan doen en sal leer. Amen.”

Inligtingsvorm

Kind se besonderhede

Naam en van:

.....

Geboortedatum:

.....

Selfoonnommer:

.....

Huisadres:

.....

Ouers se besonderhede

Naam:

.....

Selfoonnommer:

.....

E-posadres:

.....

Naam:

.....

Selfoonnommer:

.....

E-posadres:

.....

Beste Ouer

Hiermee stel ek myself graag bekend as begeleier van jou kind se kategesegroep. Dit is vir my 'n groot voorreg om hierdie rol in jou kind se geloofsopvoeding te kan speel. Ons het 'n opwindende reeks temas wat ons hierdie jaar met die kinders gaan behandel en ek sien baie daarna uit om saam met hulle op hierdie reis te gaan.

Met die oog op hierdie geloofsreis wil ek graag die volgende onder jou aandag bring:

- Kom ons bid gereeld vir julle kind en vir mekaar. Jakobus 5:16 sê: "Die gebed van 'n gelowige het 'n kragtige uitwerking."
- Jou kind gaan 'n *Doenboek* ontvang. Dit is aanvullend tot die inhoud wat ons tydens die ontmoetings hanteer. Moedig jou kind aan om dit by die huis te gebruik. Of beter nog: Doen dit saam met jou kind!
- Ek gaan daarna streef om getrou op my pos te wees vir ons ontmoetings. Moedig asseblief jou kind aan om ook getrou te wees. Wanneer daar siekte of ander omstandighede is, bel my of stuur 'n teksboodskap of e-pos sodat ek weet jou kind gaan nie die ontmoeting bywoon nie.
- As jy enige vrae het of as daar iets is wat pla, sal ek graag daarvan wil hoor. Net as ek daarvan bewus is, sal ek jou kind met begrip beter kan begelei. Moet dus nie huiwer om my te kontak nie.

Ek sien met groot verwagting en opgewondenheid uit na die jaar wat voorlê.

Vriendelike groete

Selfoonnommer:

.....

E-posadres:

.....

Ontmoeting 2

Oppas!



Agtergrond

Doel

Die kinders word bewus van die gevaar van sonde en wat hulle daaraan kan doen.

Bybelgedeeltes

Genesis 4:1-16

1 Johannes 1:9

Aanbieding

Omgee

Verwelkom die kinders in die groep. Vra of daar enige verjaarsdae is en sing vir almal wat verjaar.

Vra hoe die kinders se week was. Is daar iets waarvoor julle vir die Here wil dankie sê?

Begin met 'n dankgebed of vra een van die kinders om vir die Here dankie te sê.

Gee die kinders kans om te vertel van hulle goeie eienskappe wat hulle in hulle Doenboeke neergeskryf het. Herinner hulle dat God hulle spesiaal gemaak het en dat hulle op die goeie dinge in die lewe kan fokus.

Insig

Begin met 'n gemaklike gesprek oor hierdie vrae:

- Hoeveel van julle het broers? Hoeveel van julle het susters? Hoe oud is hulle?
- Hou julle van julle broers en susters? Wanneer hou julle baie van hulle? Wanneer hou julle nie baie van hulle nie?
- Kom julle altyd oor die weg met julle broers en susters? Waaroor baklei julle die meeste? Wanneer kom julle die beste oor die weg?

Ons gaan vandag gesels oor twee broers van wie ons in die Bybel lees.

Adam en Eva het twee seuns gehad. Die oudste een was Kain en die jongste een was Abel. Abel was 'n veeboer en Kain 'n saaiwer. Op 'n dag het Kain en Abel offers aan die Here gebring. Die Here het Abel se offer aanvaar, maar nie Kain se offer nie. Dit het vir Kain baie kwaad gemaak en hy was baie terneergedruk. Hoe lyk iemand wat terneergedruk is? Sy gesig hang. Hy is ongelukkig, ontevrede en moedeloos.

Kom ons lees wat die Here vir Kain in Genesis 4:6-7 gesê het. *Lees hierdie verse.*

Die Here het vir Kain teen die sonde gewaarsku deur vir hom te sê die sonde is gretig om sy baas te word. Die sonde wil sy lewe oorneem en vir hom sê wat hy moet doen. Maar Kain moenie na die sonde luister nie. Hy moenie dat die sonde sy baas word nie.

Die Here moet sy baas wees. *Gesels hier met die kinders oor wanneer sonde ons baas word. Hoe gebeur dit? Wanneer neem sonde ons lewe oor? Probeer aan praktiese voorbeelde dink.*

Ongelukkig het Kain nie na die Here se waarskuwing geluister nie. Hy het 'n lelike sonde gedoen. Hy het sy broer Abel in die veld doodgemaak. Kain het toegelaat dat sy woede sy lewe oorneem en toe vermoor hy sy broer Abel.

Dit is nie al nie. Toe die Here vir Kain vra: "Waar is jou broer Abel?" het Kain weer sonde gedoen en vir die Here gejok. "Ek weet nie," het Kain gesê. "Moet ek dan my broer oppas?" So het die een sonde oorgegaan na 'n volgende sonde.

Dit is die probleem met sonde. Die een lei tot die ander. Dit is soos 'n sneeubal. Hoe verder dit rol, hoe meer sneeu tel dit op en hoe groter word die sneeubal. As ons byvoorbeeld 'n leuen vertel, moet ons aanhou leuens vertel om die eerste leuen weg te steek. Kan julle aan nog voorbeelde dink?

Die Here het geweet Kain het vir Abel doodgemaak en daarvoor gejok. Daarom moes Kain gestraf word. Die Here het vir Kain weggestuur en Kain het in die land Nod gaan woon.

Wat dink julle moes Kain gedoen het toe hy sonde gedoen het? *Laat die kinders antwoord.* Hy moes vir die Here gevra het om sy sonde te vergewe.

Wat kan jy met jou sondes doen? *Gee die kinders kans om te antwoord.* Ons moet die Here vra om ons te vergewe. En wanneer ons lelik was met iemand anders, moet ons ook vir hulle gaan sê ons is jammer.

Gelukkig weet ons die Here vergewe altyd ons sondes. Luister wat belowe die Here vir ons. *Lees 1 Johannes 1:9.*

Jesus het vir ons sondes aan die kruis gesterf. Só het Hy ons van al ons sondes skoongewas. Ons kan elke dag vir Jesus vra om ons te help om nie sonde te doen nie. Ons kan elke dag tot Jesus bid en vir Hom dankie sê dat Hy ons liefhet, al is ons sondaars.

Nadenke

Gesels met die kinders oor hierdie vrae:

- Wat was die name van die twee broers van wie ons gelees het?
- Hoekom het Kain sy broer doodgemaak?
- Wat was Kain se straf?
- Hoekom is sonde gevaarlik?
- Wat moet ons met ons sonde doen?
- Hoe sou die storie anders kon geëindig het as Kain met God gaan praat het voordat hy so kwaad geraak het vir sy broer?

Uitleef

Gesels hierdie week met julle ouers oor hoe gevaarlik sonde is. Bid elke aand die gebed in julle *Doenboeke*.

Afsluiting

Bid nou ook die gebed in die kinders se *Doenboeke* saam met hulle.

Here, dankie dat U ons waarsku om nie sonde te doen nie.

Help my om nie na die sonde te luister nie.

Ek is jammer oor die sondes wat ek doen.

Dankie dat U altyd my sondes vergewe.

Ek bid dit in die Naam van Jesus wat vir my sondes aan die kruis gesterf het.

Amen.